GEOGRAFIE

# Handel in Suid-Afrika en die wêreld

## Graad 6

Week 4: 13 Mei

Laerskool Mikro Kopiereg ©

EENHEID 3

# HULPBRONNE EN HUL WAARDE (BL.44-47)








Laerskool Mikro Kopiereg ©

# HOE WORD SJOKOLADE VERVAARDIG?

Dink aan jou gunsteling tipe sjokolade...

Het jy al ooit gewonder hoe word dit gemaak?







Laerskool Mikro Kopiereg ©

# HOE WORD SJOKOLADE VERVAARDIG?

***Van kakao tot sjokolade:***






- Sjokolade word gewoonlik van **primêre produkte** wat regoor die wêreld voorkom gemaak.
- Sjokolade kom van **kakaobome** af.
- Gewoonlik word hierdie primêre produkte in **arm lande** gekweek (bone gaan deur baie prosesse) en dan word die sjokolade in ryker lande vervaardig en verkoop.


Kyk gerus na die volgende video:

https://www.youtube.com/watch?v=PGaLWuLzHBU

Laerskool Mikro Kopiereg ©


# KWEEK VAN KAKAO IN GHANA:

- Kakaobome groei in **warm klimaat** naby die ewenaar.
- **Ghana** is 'n land in Wes-Afrika wat 15% van die wêreld se kakaobone produseer.
- Hulle voer bone uit na maatskappye in **Europa**, wat dan sjokolade daarvan maak.
- Wanneer jy sjokolade koop, gaan **meeste** van daardie geld na die land wat die sjokolade gemaak het toe.
- Net 'n klein hoeveelheid gaan na die land wat die ruwe kakao produseer het.




Laerskool Mikro Kopiereg ©

# VAN KAKAO TOT SJOKOLADE:



# VAN GOUD NA JUWELIERSWARE





# VAN GOUD NA JUWELIERSWARE:

LAERSKOOL MIKRO

- Goud is die gewildste **edelmetaal** vir die maak van juwele.
- **Gouderts** is die ruwe materiaal wat goud bevat.
- Ons meet die suiwerheid van goud in **karaat**, en die gewig in onse (een ons is sowat 28 gram).
- Suid-Afrika is bekend vir sy goud.
- Johannesburg: eGoli – stad van goud (vierde grootste produsent van goud ter wêreld).



# VAN GOUD NA JUWELIERSWARE:

LAERSKOOL MIKRO

- Suid-Afrika produseer elke jaar sowat 200 000kg suiwer goud.
- Die meeste hiervan word aan oorsese lande **verkoop**.
- Die VSA en Indië maak juwele, Suid-Afrika het nie baie maatskappye wat juwele vervaardig nie.

Kyk gerus na die volgende video:

https://www.youtube.com/watch?v=7UdTXIFLw-4

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# DIE WAARDE VAN GOUD:

**Goud is van groot waarde omdat:**



- Dit **sag** is. Munte en juweliersware kan maklik gemaak word.
- Dit **moeiliker** is om gemyn te word.
- Dit hou lank en **roes nie**. Kan nie maklik vernietig of verweer nie.
- Word ook gebruik in vervaardigde elektriese goedere soos **rekenaars.**

Laerskool Mikro Kopiereg ©

## Proses om goud te myn


1. Goud word diep ondergronds **gemyn**



2. Die goud moet uit die rots of **erts** gehaal word



3.Die goud word gesuiwer of **geraffineer**



4.Die goud word gebruik om **juweliersware** of ander sekondêre produkte te maak



ereg ©

***Voltooi asseblief die werkkaart wat ook opgelaai is.***



Jy het vandag kennis gemaak met ‘n paar prosesse.

Maak seker jy verstaan hierdie prosesse en kan dit vir jou ouers opnoem.

Laerskool Mikro Kopiereg ©